# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

**Kleuter- en Laerskool**
Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x1
**e-posadres**: gsdp@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za

**Hoërskool**
Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
**Telefoon**: (012) 332-3222 x2
**e-posadres**: hsadmin@gsdp.org.za
**Posadres:**
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
**Webwerf**: www.dirkpostma.co.za

# INFO: 28 FEBRUARIE 2020

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

**God sorg vir Sy kinders.**

Afgelope week het ons beleef hoe God vir ons sorg en ons elkeen in Sy Hande dra.

In moeilike tye, as alles soos 'n berg voor ons lê, maar ook in tye wat die pad vir ons gelyk is, besef ons dat die HERE ons steeds naby is.

Ons dink aan Josef se lewe en sien hoe God met hom werk - wanneer dit met hom goed gaan, maar ook as dit nie met hom goed gaan nie.

Ds Chris Botha, predikant van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, het vroeër hierdie week met die gr 7-leerlinge gepraat oor hoe God Josef se lewe (en ook ons lewens) soos 'n legkaart inmekaarvleg.

Met dit in gedagte moet ons onthou dat wanneer ons by 'n breekpunt kom, ons op Hom kan vertrou dat Hy ons sal vashou en dra deur moeilike tye.

By die skool kan ons van Sy seën getuig. Dit gaan tans goed by GSDP. Ons vra dat u steeds sal voorbidding doen vir die skool en sy personeel.

Ons bid dat elkeen vir die res van die kwartaal sterk sal wees en vol moed, want ...

**God is in beheer en Hy gee ons elke dag nuwe krag!**

Dirkie-groete

**Mnr HJJ Visser**
GSDP - KLEUTER- EN LAERSKOOLHOOF
GSDP-BEDRYFSPAN - VOORSITTER

*LET WEL: Sien bladsy 4 in verband met die Boustene vir Christelik-Normatiewe Onderwys wat gekanselleer is.*

# BEPLANNER: 2 - 31 MAART 2020

| | | | |
|---|---|---|---|
| **M A A R T** | | | |
| Wo | 4 Maart | Hoërskool | PerfectLife Loopbaanskou |
| | | DirkiesKoop | Produkte haal |
| Do | 5 Maart | Laerskool | Oupa- en ouma-tee |
| Vr | 6 Maart | Laerskool | Verkoping: Gold Reef City 2020 |
| Di | 10 Maart | Laerskool | Fotodag |
| Vr | 13 Maart | GSDP | Info |
| | | Laerskool | Verkoping: Gr 7-fonds |
| Sa | 14 Maart | Kleuterskool | Werkdag |
| Ma | 16 Maart | Laerskool | Veldskool: Gr 7-leerlinge vertrek |
| | | Laerskool | Gr 4 - gr 7: Fotografieklub begin |
| Di | 17 Maart | Laerskool | Pa- en seunaand |
| Do | 19 Maart | Laerskool | Gr 1 - gr 3: Oueraand |
| | | Laerskool | Verkoping: Netbal |
| Vr | 20 Maart | GSDP | Skool sluit: 11:00 |
| Di | 31 Maart | GSDP | Skool open |
| **A P R I L** | | | |
| Do | 2 April | Laerskool | Gr 4 - gr 7: Oueraand |
| Vr | 3 April | GSDP | Info |
| Di | 7 April | Hoërskool | Oueraand |
| Do | 9 April | Laerskool | Verkoping: Veldskool 2021 |
| Vr | 10 April | GSDP | GSDP gesluit: Goeie Vrydag |
| Ma | 13 April | GSDP | GSDP gesluit: Gesinsdag |
| Di | 14 April | Hoërskool | Toetsreeks begin |
| Wo | 15 April | DirkiesKoop | Bestellings oop |
| Do | 16 April | GSDP | OPEDAG |
| Vr | 17 April | GSDP | Info |
| | | Laerskool | Verkoping: Gold Reef City 2020 |
| Wo | 22 April | DirkiesKoop | Bestellings sluit |
| Vr | 24 April | Laerskool | Verkoping: Kleuterskool |
| Ma | 27 April | GSDP | GSDP gesluit: Vryheidsdag |
| Di | 28 April | GSDP | Algemene Jaarvergadering |
| Wo | 29 April | DirkiesKoop | Bestelling afhaal |
| Do | 30 April | Laerskool | Verkoping: Nasorgsentrum |
| **M E I** | | | |
| Vr | 1 Mei | GSDP | GSDP gesluit: Werkersdag |
| Vr | 8 Mei | GSDP | Info |
| | | Laerskool | Verkoping: Dirkiedinge-koerant |
| Wo | 13 Mei | Hoërskool | Eksamen begin |

# ALGEMEEN

## VERJAARSDAE - PERSONEEL

Baie geluk aan die persone wat in Maart verjaar. Mag dit 'n geseënde dag wees waarin u die Here kan dank vir nog 'n gespaarde lewensjaar. Ons bid dat u met vreugde en hoop die toekoms ingaan.

11 Maart: Mej Christina Bakker
15 Maart: Dr Frans Minnie
23 Maart: Mev Grainne Pouwels
24 Maart: Mev Wenny Bouwmeester, Mnr Joseph Mahlangu
28 Maart: Mev Emily Maleka
30 Maart: Mnr Erik Visser

## OUPA- EN OUMA-DAG: DONDERDAG, 5 MAART 2020




Ons sien daarna uit om op Donderdag, 5 Maart 2020 die oupa's en ouma's van GSDP te bederf tydens 'n heerlike oggendtee. Dit vind plaas op die laerskoolterrein. Indien u weet van persone wat nog nie geantwoord het op die uitnodiging nie, doen dit asseblief so gou as moontlik by mnr Erik Visser.

Die gastelys is bykans 100 mense!

Indien ouers van GSDP hierby betrokke wil raak (bak / tafels dek / bedien), hou asseblief die skool se *WhatsApp*-groepe dop of skakel die laerskoolkantoor.

## KONTAK ONS - TELEFOONNOMMER

GSDP se nuwe telefoonsisteem is reeds in plek.
Die tydelike nommer (totdat die "fibre" afgehandel is) is:

**087-997-1762**

## HEKTYE

| **Codonialaan: Hektye vanaf Maandag tot Vrydag:** | | | |
|---|---|---|---|
| Open: | 06:45 | Sluit: | 07:40 |
| Open: | 12:45 | Sluit: | 14:10 |

- Indien u u kind(ers) voor 06:45 by die skool aflaai, is die enigste toegang tot die perseel via Cunninghamlaan.
- Leerlinge wat laat is, gebruik die hek te Cunninghamlaan en meld by die kantoor aan.
- Ons versoek dat ouers nie op die kerkterrein "kuier" nie.
- Die hekwag het opdrag om die hek soggens om **07:40** en in die middae om **14:10** te sluit.

## PARKERING: OP- EN AFLAAI VAN LEERLINGE OP DIE KERKTERREIN

Ons doen weereens 'n ernstige beroep op **ouers en personeel** om die reëlings, betref-fende die deurgang en parkering op die kerkterrein, te gehoorsaam. 'n Vriendelike versoek: Moet asseblief nie op die terrein 'n 3-puntdraai maak en dan teen die verkeer in beweeg nie.

## BERG-PRETLOOP - 10 AUGUSTUS 2020

Die wedloop vind plaas op DV Maandag, 10 Augustus 2020. Mnr Hendrik Mattheus is aan stuur van sake vir die dag. Indien daar ouers, familie of vriende is wat hierby betrokke wil wees, skakel asseblief die skoolkantore met u besonderhede. Hierdie dag kan alleen 'n sukses wees as almal hierby betrokke raak. Dagboek asseblief die datum.

## BOUSTENE VIR CHRISTELIK-NORMATIEWE ONDERWYS- GEKANSELLEER

Die Boustene-kursus vir komende Saterdag, 29 Februarie 2020, is **gekanselleer**. Ons voorsien u betyds van 'n nuwe datum.

---

# HOëRSKOOL

## LIEF EN LEED

Ons het met groot hartseer verneem dat mnr Alex van Houwelingen weer gediagnoseer is met kanker. Hy gaan DV 11 Maart vir 'n operasie. Mnr Alex, ons, as skoolgemeenskap, bid u en u gesin die vertroosting toe, wat slegs God in hierdie moeilike tye kan gee. Baie sterkte en Dirkie-liefde van almal vir die tyd wat voorlê.

## ALGEMEEN

Daar is reeds twee weke verstreke sedert die vorige Info. Tog voel dit die een oomblik of die tyd stilstaan en dan die volgende oomblik of dit net gister was dat ons inligting gestuur het met dit wat by die hoërskool gebeur.

Ons het pret gehad tydens die atletiek, die besoek te "Happy Island" en selfs met die toetse (al is dit harde werk).

**Parkering**: Wat die oplaai van leerlinge op 'n Vrydagmiddag betref, is die volgende tussen GSDP en AROS ooreengekom:

Ons gaan die hele sypaadjie aan die boonste kant van Dickensonlaan beskikbaar stel vir ouers om hul kind(ers) op te laai. Ons versoek dat ouers van GSDP, wat hul kind(ers) by die skool oplaai, ook die blou GSDP-plakker by die skoolkantoor kry en op u voertuig se venster plak. Dit sal ons help om ouers en studente se voertuie te onderskei en so beheer uitoefen oor wie op die sypaadjie mag parkeer en wie in die parkie moet parkeer (AROS-studente).

Wees maar geduldig met die sekuriteit as hulle u vra om u voertuig te skuif, totdat u die plakker op u venster het. Hulle doen net hulle werk om die parkeerprobleem te minimaliseer.

Ons versoek dat ouers hierdie parkering as 'n op- en aflaai-sone gebruik en nie lank daar sal staan nie.

Ons vra om verskoning vir die ongerief tydens die oorgang-stadium.

**Baie dankie** aan die ouers vir die skenking van die doelhokke vir sokker. Nou kan die leerlinge bal skop en minder selfoonspeletjies speel. Ons waardeer u insette as ouers opreg en bedank u dat ons u hulp kan vra, selfs vir die bak van melkterte.

**Melktertdag - Gr 10-toer**: Baie dankie aan elke ouer wat gehelp het om 92 groot en 181 klein melkterte vir ons toer se fondsinsameling te bak. Baie dankie aan die personeel vir jul hulp en positiewe bydrae hiertoe - julle is ware staatmakers.

## AKADEMIE

**Toetsreeks**: Die hoërskool se toetsreeks is fluks aan die gang. Onthou asseblief dat ons hierdie punte as basis sal gebruik waarop ons kan verbeter en ekstra hulp kan identifiseer, soos nodig.

**Huiswerk:** Ons vra asseblief die kontrolering van u kind se huiswerk. Dit blyk dat die energie al hoe minder raak teen die einde van die kwartaal en dat die huiswerk agterweë bly. Elke leerling het 'n GSDP-Dagboek ontvang, wat hulle asseblief moet gebruik vir die aanteken van huiswerk.

**Toetse:** Die skoolreëls bepaal dat indien 'n leerling 'n toets, om watter rede ookal, nie skryf nie, dit die leerling se verantwoordelikheid is om ons van 'n doktersbrief te voorsien ten einde punte vir daardie toets te kry. Die leerling moet self met die vakonderwyser reëlings tref om die toets op 'n ander geleentheid te skryf.

**Gr 12-leerlinge:** Die Departement van Onderwys bepaal dat 'n gr 12-leerling nie meer as 20 dae vir die jaar afwesig mag wees nie. Indien 'n gr 12-leerling meer as 20 dae afwesig is, mag die leerling sy / haar kans verbeur om die NSC-eksamen aan die einde van die jaar te skryf. Indien 'n leerling siek is, en dit is moontlik, meld eers by die skool aan en gaan later dokter toe, sodat die leerling nog steeds teenwoordig is op die register.

## SPORT

**Atletiek: Maragon - Vrydag, 21 Februarie:** Dit is jammer, maar die atletiekbyeenkoms was, as gevolg van die weer, gekanselleer. Dit was nogtans vir die leerlinge 'n belewenis en ons sal in die toekoms met hierdie skool bande versterk rondom geleenthede wat ons vir mekaar kan bied.

**Rugby:** Ons speel hierdie jaar saam met Eduplex in die liga.

Die spelers oefen op Maandae en Dinsdae te Eduplex vanaf 15:00 - 16:30.

GSDP se rugby-spelers gaan ook 'n paar vriendskaplike 7's-wedstryde speel waarby ons eie span betrokke is.

**Netbal:** Die netbal-spelers het reeds met hul oefeninge begin. Sterkte vir die seisoen wat voorlê.

## KULTUUR

**DirkiesHengel:** Ons begin hierdie jaar met DirkiesHengel. Die kontakpersoon is mnr Jaco Pretorius. Ons sien uit na "luilekker harde werk, visvang en sonroom". Die leerlinge het reeds 'n skrywe ontvang.

DirkiesHengeldatums:
Saterdag, 4 April
Saterdag, 23 Mei
Saterdag, 22 Augustus
Saterdag, 17 Oktober

---



# LAERSKOOL

## ALGEMEEN

**Pa- en seunaand:** Op Dinsdag, 17 Maart vind ons jaarlikse pa- en seun(s)aand plaas. Noteer asseblief die datum in u dagboek. Ons is besig met die beplanning hieromtrent en kommunikeer meer inligting binnekort met u.




## TOETSREEKS

Die leerlinge is reeds besig met die toetsreeks. Wees sterk en hou moed. Sterkte!

## VELDSKOOL

Die gr 7-leerlinge vertrek op Maandag, 16 Maart op veldskool te Hartbeeshoek. U het reeds skrywes oor die bedrag van die veldskool, ensovoorts ontvang. Alle veldskoolgeld moet teen Vrydag, 7 Maart inbetaal wees.

## SPORT

**ICO-atletiek te Pietersburg**: Baie dankie aan elke atleet en ouer wat afgelope Saterdag, 22 Februarie die moeite gedoen het om die ICO-atletiekbyeenkoms te Pietersburg by te woon. Alhoewel ons nie gedink het die weer gaan so mooi "saamspeel" nie, was dit 'n besondere geslaagde byeenkoms. Baie geluk aan elke atleet wat mooi presteer het, maar ook baie geluk aan elke atleet wat deelgeneem het - ons is trots op elkeen!

**Netbal:** Die netbalseisoen het reeds begin met die Mareli Marx-netbaldag (Dinsdag, 25 Februarie) en die proewe van die o/12- en o/13-dogters wat gister en vandag plaasvind. Dogters, julle moet die netbal geniet.

**Rugby:** Die o/11- tot o/13-rugbyspelers het reeds met hul oefening begin. Hulle neem op Saterdag, 29 Februarie aan 'n 7's-toernooi te Eduplex deel. Julle moet lekker speel.

## FOTODAG

Die laerskool se fotodag vind plaas op Dinsdag, 10 Maart. Op hierdie dag gaan die fotograaf net die individuele- en klasfoto's neem. Ons doen later in die jaar die sport- en buitemuurse foto's. Die leerlinge ontvang binnekort meer inligting.

## REDENAARS

Belangrike datums vir alle belangstellendes:
Vrydag, 17 April: ATKV-kompetisie

## KULTUUR

**DirkiesHengel**: Ons begin hierdie jaar met DirkiesHengel. Die kontakpersoon is mnr Jaco Pretorius. Die laerskoolleerlinge ontvang binnekort 'n skrywe met meer inligting.

Dagboek asseblief die volgende datums:
Saterdag, 4 April
Saterdag, 23 Mei
Saterdag, 22 Augustus
Saterdag, 17 Oktober

## SANDPUT

Die sandput by die laerskool was vir 'n paar maande sonder sand.

Danksy mnr Erik Visser se inisiatief, is daar nou sand en leerlinge in die put, maar ... die speelgoed is min.



Indien u sandputspeelgoed het wat u nie meer vir enige toekomstige seebesoeke gaan gebruik nie, sal u dit asseblief vir die laerskool se sandput skenk?

Indien u u kombuis opruim ("declutter") en plastieklepels, potte, bakke (nie glas nie, asseblief) het waarvan u ontslae wil raak, kan u dit ook maar stuur. Die leerlinge sal dit verseker in die sandput kan gebruik.

**VERLORE? GEVIND!**



Hierdie foto is van die kosblikke wat die afgelope maand by die laerskool "gevind" is.

Indien u 'n kosblik (of meer) vermis, kom kyk asseblief by die laerskoolkantoor.

**Dit is vir Emily baie hartseer dat die leerlinge hul "goed" so verloor en nie daarvoor omgee nie!**

► <u>Ons het die volgende op die laerskoolterrein opgetel (indien dit aan u behoort, doen navraag by die laerskoolkantoor</u>:




**"Asthma"-armbandjie**

**"Vannair"-asmapompie**




---

# KLEUTERSKOOL

**KLEUTERSKOOL-VERKOPING**

Baie dankie aan elke leerling wat ons verkoping verlede Vrydag ondersteun het. Ons waardeer dit opreg.

---




# SUIKERBOSSIE DAGSORG

IN

WAVERLEY/BERGTUIN

- Gekwalifiseerde onderwyseres
- Christelike basis: Eenvoudige Bybellessies
- Ouderdomme: 3 maande - 4 jaar
- Opvoedkundige- en musiekprogram word gevolg
- Noodhulpsertifikaat





## KONTAK ONS:


Silja: 071 352 8491

suikerbossiedagsorg@gmail.com


## SKOOLTYE:

Voldag: 07:00 - 17:00

Halfdag: 07:00 - 13:30

**LEER IS LEKKER!**

## GAAN LOER OP ONS WEBADRES!

Suikerbossies

WWW.SUIKERBOSSIEDAGSORG.CO.ZA